

17

JESUS MAAK DIE STORM STIL

Jesus, ek is bang

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God hulle kan help as hulle bang is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat Jesus –

- lief was vir sy dissipels.
- die dissipels gehelp het toe hulle bang was.
- die mag het om te help as niemand anders kan nie.
- hulle ook kan help as hulle in die moeilikheid is.

Gesindheid

Die kinders moet –

- glo dat God hulle kan en wil help as hulle bang is.
- dankbaar wees omdat God die mag het om te help.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- met hul ouers kan gesels oor dit wat hulle bang maak.
- die hoofmomente van die gebeure ken.

MEER INLIGTING (Matteus 8: 23-27)

Op 'n keer was daar baie mense wat vir die hele dag agter Jesus en sy dissipels aangeloop het. Hulle wou hoor wat Hy sê en sien wat Hy doen. Jesus en die dissipels was seker al baie moeg.

Toe die son al begin sak het, het Jesus en sy dissipels by die see van Galilea gekom. Jesus het vir hulle gesê: *Kom ons klim in die boot en gaan oor na die ander kant van die meer.* Hy wou tog net vir 'n rukkie wegstom van die baie mense om so 'n bietjie te kon rus.

Die dissipels klim saam met Jesus in die boot en begin roei. Jesus het agter in die boot gaan lê en slaap. Skielik begin die wind sterker waai. Die dissipels kyk bang na mekaar. Hulle is nou al amper in die middel van die meer. Sê nou hier kom 'n kwaai storm op? Wat gaan hulle doen?

Hulle roei harder, maar die wind waai al hoe sterker en die golwe raak al hoe hoër. Naderhand kon die dissipels mekaar seker amper nie eens meer hoor nie, so raas die wind en golwe. Toe word hulle bang, want die golwe is so hoog, dit begin oor die kant van die boot slaan. Die boot begin vol water raak. As dit aanhou gebeur, gaan hulle sink! Hulle probeer die water uitskep, maar daar kom net nog meer golwe.

Wat doen Jesus? het hulle seker gewonder. Hulle kyk waar Hy is, maar Hy slaap rustig asof niks gebeur nie. Hulle maak Hom wakker en vra of Hy dan nie omgee dat hulle vergaan nie. Hulle maak Hom wakker en smeek Hom om hulle te help. *Here red ons! Ons vergaan!* sê hulle vir Hom.

Jesus staan op en kyk na die storm. Toe praat Hy met die wind en sê vir die see: *Hou op! Bedaar!* En toe? Kan jy glo? Alles is skielik doodstil. Die wind en die see het bedaar, die storm is verby. Die dissipels is baie verbaas. Hulle kan nie glo wat hulle gesien het nie.

Jesus kyk toe na hulle en sê: *Waarom is julle bang? Glo julle dan nie?*

Die dissipels antwoord nie. Hulle is skaam, maar ook baie verbaas. Hulle het nog nie geweet Jesus is God nie. Hulle het nog gedink Hy is maar net 'n mens. Toe sê hulle saggies vir mekaar: *Watter soort mens is Hy dan dat selfs die wind en die see na Hom luister?* Dit beteken Jesus is sterker as die wind en die see en die storms.

Die dissipels het nou geweet: Jesus het mag oor alles. Daarom voel hulle glad nie meer bang vir iets nie, want hulle weet Hy kan hulle beskerm teen enigiets. Hy is sterker as alle gevare. Maar die dissipels weet ook hulle moet dit altyd bly glo.

AANBIEDING

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Vind by een of twee kinders uit –
 - wat hulle vir hul ouers gaan sê het oor die predikant se werk.
 - wat 'n predikant al spesiaal vir hul ouers gedoen het .
- Laat hulle die volgende vrae antwoord:
 - Wat is 'n dominee se ander name? (*Predikant, herder en leraar.*)
 - Watter werk doen dominees alles? (*Hulle leer mense die regte en goeie dinge, preek, doop, bedien Nagmaal, hou Bybelstudie, gee kategese, bid vir siekes, vertroos hartseer mense, help mense as hulle probleme het.*)
 - Kan net mans dominees word? (*Nee, vrouens én mans kan dominees word.*)

- Wie het dominees geroep om hul werk te doen? (*Dominees moet vas glo dat God hulle geroep het om mense van Hom te vertel.*)
- Wat gebruik dominees as hulle vir mense van God vertel? (*Die Bybel.*)
- Vir hoe lank studeer dominees om die Bybel baie goed te leer ken? (*Vir meer as ses jaar gaan hulle universiteit toe.*)
- Wat dra dominees as teken dat hulle gestudeer het om die Here se werk te kan doen? (*Togas.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra 'n paar vrae om by die kind se leefwêreld aan te sluit:

- Was jy al in 'n storm? (Laat hulle daarvan vertel.)
- Hoe klink dit as 'n wind sterk waai?
- Wie het al gesien hoe lyk die see as daar 'n storm is? (Laat hulle daarvan vertel.)

IETS INTERESSANT

Gebruik die verhaal by MEER INLIGTING om die lesinhoud aan hulle te vertel. Dit kan net so gebruik word as 'n storie.

IETS BELANGRIK

- Vra die volgende vrae om die feite weer in te skerp:
 - Hoekom was die dissipels so bang in die boot? (*Daar het 'n groot storm opgekom.*)
 - Wat het Jesus gedoen terwyl die storm opkom het? (*Hy het geslaap.*)
 - Wat het Hy gedoen nadat Hy wakker geword het? (*Hy het met die wind en die see gepraat en gesê hulle moet stil word.*)
 - Hoe kon Jesus dit regkry dat die storm gaan lê het? (*Hy is God en daarom kon Hy dit doen.*)
 - Kan Jesus ons ook help as ons bang? (*Ja, want Hy is God.*)
 - Wat kan ons doen as ons bang is? (*Ons kan vir Jesus vra om ons te help.*)
- Laat hulle die volgende voltooi: Onthou dat Jesus by ons is, al kan (*ons Hom nie sien nie*).

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die gebeurtenis weer oor speel. Laat hulle hul stoele agter mekaar sit. Laat hulle daarop sit en maak of hulle in 'n boot sit. Laat hulle die verskillende rolle vervul en die gebeure "speel".

BY DIE HUIS

Doen

- Hulle moet die prentjie in hul boek by die huis gaan inkleur.

- Hulle en hul ouers gesels oor alles wat hulle bang kan laat voel.
- Hulle vra die Here om al die bangmaakgoed weg te vat.

Leer

- Laat hulle die volgende vrae en antwoorde gaan leer:
 - Hoekom was die dissipels so bang in die boot? (*Daar het 'n groot storm opgekom.*)
 - Wat het Jesus gedoen terwyl die storm opkom het? (*Hy het geslaap.*)
 - Wat het Hy gedoen nadat Hy wakker geword het? (*Hy het met die wind en die see gepraat en gesê hulle moet stil word.*)
 - Hoe kon Jesus dit regkry dat die storm gaan lê het? (*Hy is God en daarom kon Hy dit doen.*)
 - Kan Jesus ons ook help as ons bang? (*Ja, want Hy is God.*)
 - Wat kan ons doen as ons bang is? (*Ons kan vir Jesus vra om ons te help.*)
- Laat hulle die volgende voltooi: Onthou dat Jesus by ons is, al kan (*ons Hom nie sien nie*).

Belangrik vir volgende week:

- Nooi hul ouers uit om volgende week se les by te woon.
- Indien jy wil, kan jy met die ouers reël vir verversings vir na volgende week se klas.
- Julle gaan 'n vasvrakompetisie hou: Laat hul ouers hulle die feite by Les 17 in hul boeke leer.
- Jy kan 'n prys ('n pakkie droëvrugte of lekkers) saambring vir die gesin wat wen.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 519: 1 en 4 te sing of te lees, en met gebed.

*Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Ek spreek, en wind en golwe bedaar,
Ek sal ook jou getrou bewaar.*

*Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Bly waak en bid; volhard in geloof.
Ek is by jou soos Ek beloof.*